GESELS saam die gesin

Druk hierdie bladsye en knip die kaartjies uit.
Julle kan dit gebruik om almal aan die gesels te kry, of julle nou in die kar, of by die huis is!

As jy Josef
se kleurvolle jas kon maak,
hoe sou dit gelyk het?

Wat is jou gunsteling
verhaal in die Bybel?

Wil jy eerder so sterk soos
Simson wees, of so goed
met 'n kettie soos Dawid?

Noem drie goed waarvoor
jy vandag dankbaar is.

Watter reëls in jou gesin
hou jy nie van nie?

Wat dink jy maak
van iemand
'n goeie vriend?

Watter boek
in die Bybel lees jy
die heel graagste?

Waarvoor is
jy bang?

GESELS saam die gesin

Wat maak
jou kwaad?

Wat maak
jou hartseer?

Wat maak
jou opgewonde?

Hoe het jy vandag
iemand gehelp?

As jy 'n nuwe tradisie
vir jou gesin moet uitdink,
wat sal dit wees?

Wat kan jy vir iemand
doen om hulle te laat beter
voel as hulle siek is?

Wat kan iemand vir jou
doen om jou te laat beter
voel as jy hartseer is?

Noem drie goed wat jy
elke dag moet doen
waarvan jy nie hou nie.

GESELS saam die gesin

Wat geniet jy die meeste om saam jou gesin te doen?

Hoe kan jy vir iemand wys dat hulle vir jou spesiaal is?

Wanneer is die laaste keer wat jy gehuil het? Waaroor het jy gehuil?

Wat dink jy is die belangrikste ding wat mense van God moet weet?

Wat is vir jou die lekkerste deel van vakansie?

Watter plek wat in die Bybel genoem word sal jy graag wil besoek?

Wat is jou gunsteling stokperdjie?

Wat is jou grootste talent? Wil jy graag iets nuut leer doen?